

# DIE SEËN VAN KRAG- TELOOSHEID

## **Matteus 5:3: "Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel".**

Die een dag was jy nog sterk en selfversorgend.

Die volgende dag was jy 'n pasiënt.

Nou moet ander mense jou help en verpleeg.

Jy kan jousef maklik as 'n swakkeling begin beleef.

Jy kan begin dink dat jou selfbeeld aangetas is of dat jou selfrespek 'n knou gekry het.

Natuurlik is hospitalisasie iets om by aan te pas.

Jy moet egter nie jousef afbreek en ongelukkig maak nie.

So 'n oorbeklemtoning van jou hulpeloosheid kan ook baie veeleisend wees vir die mense wat jou moet help.

Hoe kan jy dan op 'n waardige wyse deur jou beproewing kom?

- As jy God ken
- As jy God as jou barmhartige Vader ken
- As jy jousef as sy behoefte kind ken
- As jy kan begryp dat Jesus Christus jou siektes gedra het en jou lyding op Hom geneem het (Jes 53:4).

Die offer van Jesus Christus het 'n besondere verhouding tussen jou en die hemelse Vader geskep.

Voor Hom is jy nie 'n swakkeling nie maar 'n

eerlike worstelaar wat weet waar jou hulp vandaan kom.

As jy eerlik erken dat jy nie meer krag het nie en van selfgenoegsaamheid afskeid neem, ontvang jy die seën van die Here.

- Dit is juis die positiewe waarde van jou siekte:
- Dit leer jou dat daar einde is aan jou krag en vermoë
- Dit leer jou om jou eie trots te oorkom en te erken dat jy hulp nodig het

Dit leer jou om te ontdek dat jy voorgegee het wat jy nie regtig is nie.

Siekte maak jou eerlik.

En daarin sit 'n groot seën.

Dit is juis mense wat voorgee dat hulle niks en niemand nodig het nie wat in die grootste nood verkeer - die nood van hulle eie trots en selfgesentreerdheid.

Die siekte leer jou om jousef te sien soos God jou sien - 'n afhanklike kind wat vra na sy Vader.

Sulke kinders ontvang 'n ryke seën.

Hulle is erfgename van innerlike vrede.



Publikasie  
Publication



Nr./No.: H11